

17 Maart 2020

Voorsorgmaatreëls en ander nodige inligting n.a.v. die nasionale afkondiging gemaak deur President Cyril Ramaphosa, rakende die COVID 19 Virus

Liewe gemeentelede en vriende,

Een van die belangrikste aspekte in 'n tyd soos die is om ons vertrouwe volkome op die Here te vestig. In Mat 6:25-34 beklemtoon die Here die feit dat dit niks help om bekommerd te wees nie. Ons moet ons oë op God gevestig hou en ons beywer vir die koninkryk van God. Kom ons neem posisie in en veg met die wapenrusting wat God gee (Ef 6:11-20) hierdie geestelike stryd en kom ons leef die gawe van die Gees (Gal 5:22-23) te volle in die tyd. In Ps 91 word beklemtoon dat die Here by ons is en dat geen pes of plaag ons sal skade doen nie. Hou vas aan dit wat God se Woord ons leer.

Met die groeiende besorgdheid rakende die COVID 19 virus, sowel as die noodtoestand wat aangekondig is, wil die leierskap van Moreletapark Gemeente jou die versekering gee dat hierdie saak tans hoë prioriteit geniet. Ons wil graag voorkomend optree en die regte besluite en maatreëls daarstel. Ons wil in wysheid gehoor gee aan wat versoek word in 'n saak wat alle Suid Afrikaners beïnvloed. Die afgelope 36 uur is baie faktore binne ons lewenswyses aangeraak en sal ons konstant en tydig kommunikasie uitreik soos wat inligting beskikbaar gestel word en ons daarby moet aanpas. Hier is reëlings ten opsigte van die volgende:

1. Gebed

Jy word ernstig opgeroep tot gebed in hierdie kritiese tyd. Gebruik asb die 21 dae Gebedsinisiatief (http://moreleta.org/wp-content/uploads/2020/03/21DaeGebedsinisiatief_Mrt-Apr.pdf) van die gemeente, asook die onderstaande gebedspunte oor die situasie waarin ons is:

- Bid en proklameer Ps 91 hardop.
- Bely enige sonde waarvan jy bewus is.
- Bid teen vrees, bekommernis en vertwyfeling.
- Bid vir jouself, jou familie en die gemeente se beskerming teen die virus en ander siektes.

- Bid vir wysheid en insig oor wat jy moet doen en nie moet doen in hierdie tyd.
- Vra vir die Here dat ons bedagsaam sal wees teenoor ander mense.
- Prys God vir die leiding wat die regering geneem het.
- Bid teen die moontlike negatiewe finansiële impak wat die virus tot gevolg kan hê.
- Bid vir gehoorsaamheid onder die bevolking dat ons by die reëls, wat neergelê is sal bly.
- Bid vir ons familie, kennisse, lidmate en sendelinge in ander dele van die wêreld wat aan die virus blootgestel is.
- Bid dat die oplossings spoedig in plek sal val en dat mense kalm sal bly.
- Sluit jou gebedstyd af deur die volgende teksgedeelte te bid: 2 Tim.1:7 “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”

Ons het almal saam gebid vir die Buitengewone Sinodesitting van 2 April. Hierdie vergadering is voorlopig uitgestel tot 12 Mei, dus doen ons ‘n beroep op almal om asb. steeds vir hierdie geleentheid te bid.

2. Eredienste

- Vanaf komende Sondag, **22 Maart sowel as 29 Maart en 5 April 2020** sal daar geen eredienste by die gemeente plaasvind nie.
- Die boodskappe gaan egter tydig voort en wil ons jou aanmoedig om ons eredienste te volg via ons ‘Moreleta Live’ kanaal op YouTube om 09:30 en 18:30. Kliek ons webtuiste op die “Kyk Live” skakel by: www.moreleta.org
- Groepe word aangemoedig om bymekaar te kom en die dienste saam te volg. Hierdie is veral ‘n tyd waar groepe mense moet intrek en saam nooi wat nie in groepe is nie.
- Lidmate is ook welkom om die program Keerpunt op kanaal 343 (TBN kanaal) om 07:00 op Sondagoggende te volg.
- Daar sal op ‘n latere stadium besluite rondom die eredienste van paasnaweek (10-12 April 2020) geneem en gekommunikeer word.
- Alle begrafnisse wat wel mag voorkom in die tyd sal hanteer word.

3. Aktiwiteite

- Tans gaan hierdie week, Maandag 16 – Vrydag 20 Maart, se aktiwiteite voort volgens skedule.
- **Alle ander aktiwiteite en groepsbyeenkomste (groter as 100) wat vanaf Saterdag 21 Maart tot Maandag 13 April 2020 op die perseel sou plaasvind, word afgestel/uitgestel.**
- Vergaderings en/of aktiwiteite anders as die bogenoemde gaan met oorleg van die leraar of bedieningsleier voort. Hierdie sal vroegetydig gekommunikeer word aan die betrokkenes.
- Die gebedsbyeenkomste op Maandae aande en Woensdag oggende gaan aan soos gewoonlik.
- Vir die aktiwiteite wat wel voortgaan in hierdie tyd sal ons die nodige higiëne voorsorgmaatreëls tref. Ons vra egter almal wat betrokke is om ook verantwoordelik op te tree.
- Verdere kommunikasie sal uitgestuur word indien die situasie verander en soos wat inligting beskikbaar word.

4. Groepe

Ons moedig jou aan om in groepe byeen te kom en te bid vir die situasie wat wêreldwyd 'n impak maak. Sou jy bewus wees van enigiemand wat nie 'n groep-familie het nie, nooi hul gerus om saam byeen te kom en selfs eredienste as groep aanlyn te 'stream'.

5. Duifies Kleuterskool en Pure Hope School

Beide die skole sal Woensdag 18 Maart sluit en heropen op Dinsdag 14 April tensy anders aangekondig word deur die President.

6. Personeel

- Ons as leraars en personeel is gedurende hierdie tyd beskikbaar vir enige behoeftes, nood, gesprekke, probleme ens.
- Die administratiewe kantoor en Wholeness Centre (beradingsentrum) sluit nie gedurende hierdie periode nie tensy iets drasties gebeur. Indien nodig sal ons enige verandering aan u kommunikeer.

- **Die administratiewe kantoor** help graag met enige navrae. Skakel 012 997 8000 of e-pos gerus na info@moreleta.co.za. Ons moedig u aan om ons te kontak in geval van nood.
- **Die Wholeness Centre** (Beradingsentrum) kan gekontak word by: 012 997 8035. Hierdie geld vir enige beradingsgevalle, maatskaplike werk en siekebesoeke wat nodig mag wees.

'n Laaste woord van belang vir die voortsetting van ons roeping: **volgehoue finansiële bydraes** is steeds werklik belangrik. Weens die afskaffing van die eredienste verloor ons baie inkomste. Verskeie instansies, projekte en individue wat ondersteuning benodig maak staat op ons as gemeente. Alles wat ons doen is moontlik a.g.v. kollektiewe vrygewigheid van almal. Ons maak staat op julle om steeds julle volgehoue bydrae te gee op die volgende alternatiewe maniere:

1. Aanlyn bankdienste:

NG Gemeente Moreletapark

ABSA Woodlands

Tjekrekening 349 0143 547

Verwysing: Dankoffer

2. Zapper kode:



3. Kontant dankoffer (kollekte):

Kan by die ontvangs van die adminkantoor (08:30 - 19:00 Maandae tot Donderdae of 08:30 - 16:00 Vrydae) afgegee word.

Kom ons verenig in ons posisie as die Liggaam van Christus en ondersteun mekaar in hierdie tyd. Ons moet onthou dat “kerk” nie ophou nie en dat elkeen kerk kan wees teenoor mekaar deur verhoudinge te versterk en saam te bid. Wees verantwoordelik met higiëne en respekteer mekaar. Rus en vertrou in God.

Groete en seënwense,

Leierskap: Moreletapark Gemeente